

## 5 Maart 2011

Op 5 Maart 2011 het ons uitstalspan in samewerking met die Drakenstein Heemkring 'n genealogie werkwinkel gehou op die perseel van die Heemkring in die Paarl. Een van ons taklede, Johann Claassen, die Hugenate Museum en die Kaapse Argiefbewaarplek het ook deelgeneem.



## 1 – 30 April 2011

Marianne Meyer het weereens aan die jaarlikse uitstalling by die Bellville Biblioteek deelgeneem. Die uitstalling was gehou vanaf 1 - 30 April 2011.

Die tema vanjaar was: 'Familie navorsing vir die beginner.'



## 9 – 13 Mei 2011


Die Kaapse Argiefbewaarplek in Roelandstraat het hul Nasionale Argiefweek gehou vanaf 9 - 13 Mei 2011. Gedurende hierdie jaarlikse geleentheid was verskeie toere van die argief, asook skyfievertonings, praatjies en 'n werkwinkel oor familienavorsing aangebied.

Ons Uitstalspan was genooi om aan die verrigtinge deel te neem.



## 28 Mei 2011

Saterdag 28 Mei 2011 was die bekendstelling van taklid Hennie Genis se boek *'In die voetspore van Evert Genis, Stamboom en familiegeskiedenis 1850 – 2011'*. Die saal by die Bellville Biblioteek was gepak met familie en vriende en die Namakwaland-aksent was oral duidelik hoorbaar. Hennie se dogter, Gerda, was die seremoniemeester en sy broer Gysbert, het 'n kort



<p>toespraak gelewer. Die gaste is ook vermaak met liedjies van Namakwaland, uitgevoer deur Jannie Uys en Sakka Stone.</p>	
<p><b>21 Mei 2011</b></p> <p>Op 21 Mei is nege van ons lede van die Begraafplaasspan Wellington toe om die Champagnebegraafplaas te fotografeer. Meer as 3,500 fotos is geneem wat deel sal vorm van die begraafplaas opnameprojek.</p>	
<p><b>21 Mei 2011</b></p> <p>Die Uitstalspan was genooi om 'n genealogie werkswinkel aan te bied by die Ceres Togryers Museum op 21 Mei, wat deur 26 lede van die publiek bygewoon was. Ons voorsitter, Andrew Kok, het deelgeneem met sy navorsing oor die Bokkeveld families Cillié, Du Toit en Van der Merwe. Ander genealogiese instansies wat deelgeneem het, was die Drakenstein Heemkring (Paarl), die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (Stellenbosch), die Hugenate Museum(Franschhoek) en die Kaapse Argiefbewaarplek.</p>	
<p><b>30 Julie 2011</b></p> <p>Hierdie jaar was die Wes-Kaap tak gasheer vir die tweede GGSA Nasionale Uitvoerende Komiteevergadering. Dit was gehou in die Kerksaal van die Durbanville Nederduits Gereformeerde Kerk op 30 Julie 2011.</p>	
<p><b>31 Julie 2011</b></p> <p>Elke jaar onderneem die Noord-Transvaaltak 'n toer na die Wes-Kaap om die Kaapse Argiefbewaarplek en ander</p>	

genealogiese instellings te besoek. Dit is gebruiklik vir lede van die Wes-Kaap tak om die toergroep te ontmoet vir 'n ete. Hierdie jaar was geen verskil nie. Die twee groepe het op 31 Julie 2011 saam gekuier by die Waterfront.




### 28 September 2011

September was 'n baie besige maand. Taklid Martie du Toit, het 'n werkswinkel gereël op 28 September 2011 by Huis La Belle in Bellville. Die senior burgers het vooraf hul kwartierstate voltooi en Martie het gehelp om die gapings te vul met die hulp van die baie kundige lede van die SA-Gen poslys. Met die aanbreek van die werkswinkel, het die senior burgers alreeds 'n baie goeie begrip gehad van wat genealogie behels.



### 17 September 2011

Heritage Expo by St John's Church Hall, Wynberg, Kaapstad: Saterdag 17 September 2011.  
Ons wil graag die Cape Town Family History Society ([www.family-history.co.za](http://www.family-history.co.za)) bedank vir die uitnodiging om ons te laat uitstal by hul jaarlikse Erfenis Expo. Nie net het ons tyd gehad om navrae te beantwoord nie, maar ons het ook verskeie navorsers van die Engelssprekende gemeenskap leer ken.



### September 2011

Erfenismaand in Kaapstad. Twee takke van GGSA, die Wes-Kaap Tak en eGGSA, het saam met ander organisasies naamlik die Robbeneiland Historiese Vereniging, Drakenstein Heemkring, Cape Town Family History Society, die Kaapse Argiefbewaarpark en die Suid-



Afrikaanse St Helena Heritage Association deelgeneem aan 'n 4 dae lange bemande uitstalling by die Kaapstadse Burgersentrum. Die Kaapstad Argiefbewaarplek het ook 'n paar interessante praatjies gereël vir die week, wat gehou is by die Argief in Roelandstraat.

### **3 Desember 2011**

Ons finale aktiwiteit vir die jaar was 'n uitstappie op 3 Desember 2011 onder leiding van Alta Griffiths om 'n paar begraafplase in die Paarl te fotografeer.

